

Titel: Skietlood
Pastoor: De Waal Esterhuizen
Datum: 28 Augustus 2011
Tyd: 09h30



1. Amos spreek oordeel

Amos 2:6-8

⁶ So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Israel, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle die regverdige vir geld verkoop het en die behoeftige vir 'n paar skoene. ⁷ Hulle wat daarna hyg dat die stof van die aarde op die hoof van die armes kom, en wat die weg van die ellendiges buig; en die man en sy vader gaan na dieselfde jongedogter om my heilige Naam te ontheilig, ⁸ En hulle strek hul uit op verpande klere by elke altaar, en die wyn van die wat beboet is, drink hulle in die huis van hul god.

2. Hoor ons die Here

Amos 3:1-7

¹ Hoor hierdie woord wat die HERE oor julle spreek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik: ² Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede. ³ Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het? ⁴ Sal 'n leeu brul in die woud as hy geen prooi het nie? Sal 'n jong leeu sy stem uit sy lêplek laat hoor as hy niks gevang het nie? ⁵ Sal 'n voël in 'n net val op die grond as daar vir hom geen strik gestel is nie? Sal 'n wip van die grond af opspring as dit glad nie gevang het nie? ⁶ Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie? ⁷ Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.

3. Gemaklikheid

Amos 3:13-15

¹³ Hoor en waarsku die huis van Jakob, spreek die Here HERE, die God van die leërskaer, ¹⁴ dat Ek in die dag as Ek die oortredinge van Israel aan hom besoek, ook besoeking sal doen oor die altare van Bet-el, sodat die horings van die altaar afgekap sal word en op die grond val. ¹⁵ Dan sal Ek die winterhuis saam met die somerhuis tref, en die huise van ivoor sal te gronde gaan, en baie huise sal verdwyn, spreek die HERE.

4. Offers uit gemaklikheid

Amos 5:22-25

²² Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie. ²³ Verwyder van My die geraas van jou lieder! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie. ²⁴ Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom. ²⁵ Het julle aan My slagoffers en spysoffers gebring veertig jaar lank in die woestyn, o huis van Israel.

5. Meet die mure

Amos 7:7-8

⁷ Dit het Hy my laat sien—kyk, die Here het op 'n loodregte muur gestaan, en daar was 'n skietlood in sy hand. ⁸ Toe sê die HERE vir my: Wat sien jy, Amos? En ek het geantwoord: 'n

Skietlood. Daarop sê die Here: Kyk, Ek gaan 'n skietlood aanlê in die midde van my volk Israel. Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie.

6. Herstel

Amos 9:9-15

⁹ Want kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos in 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie.¹⁰ Al die sondaars van my volk sal deur die swaard sterwe, die wat sê: Die onheil sal ons nie bereik en ons nie ontmoet nie. ¹¹ In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd;¹² sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen. ¹³ Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploëer die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloeï sal wees.¹⁴ En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.¹⁵ En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE jou God.